DATE 9 - SEP 1959

DIE VADERLAND

*Morele Herbewapening:*

# POLITIEKE KRINGE RAAK ONTEVREDE

**DIE bedrywighede van die Beweging vir Morele Herbewapening begin al hoe meer weerklank in die politiek te vind. Dit is nou die tweede keer binne 'n paar maande dat van sy lede verklarings doen wat teen strydig is met die Afrikaner se tradisionele opvatting oor kleur.**

**Dr. F. E. O'B. Geldenhuys se uitlatings van 'n paar dae gelede was die aanleiding tot dr. Carel de Wet, L.V. vir Vanderbijlpark, se waarskuwing teen die beweging. Eergister het hy op Boksburg gesê: „Ons het Morele Herbewapening nie in ons land nodig nie. Dit is die draer van die liberalisme."**

In Februarie vanjaar het Die Vaderland berig dat groot verontwaardiging in Afrikanerkringe heers oor die uitlating van 'n Transvaalse regter dat hy, as Afrikaner, hom genoodsaak voel om die Bantoe om verskoning te vra vir sy hooghartigheid teenoor hulle in die verlede.

Regter C. J. Claassen het saam met 'n Morele Herbewapening-span Maseru besoek en daar aan die Basoeto hierdie verklaring gemaak. „As Afrikaner was my houding een van onverskilligheid en meerderwaardigheid," het hy bygevoeg.

Die jongste geval van die invloed van Morele Herbewapening was die toespraak van dr. F. E. O'B. Geldenhuys, moderator van die Noordelike Streeksinode van die N.G. Kerk in Transvaal.

**Op Caux, in Switserland, die Morele Herbewapening-sentrum, het hy hom verlede week soos volg oor rasse-betrekkinge uitgelaat: „Die ingebore traagheid, selfsug en eiegeregtigheid van ons Afrikaners, het ons totaal verblind vir wat vandag op die spel is. Ons Afrikaners het veels te veel gedink uit die standpunt van hoe ons onsself kan red."**

Hy het gesê dat Afrikaners werklik en opreg dink dat hulle die beste weet wat reg is. „Maar baie, of die meeste van die Bantoe-bevolking is dit blykbaar nie met ons eens nie."

Sy uitlatings het ontevredenheid in politieke kringe uitgelok. Dit het nou die stadium bereik dat die politieke gemoed sensitief begin raak vir die gees van Caux.

(Berig deur O. Krause, Empireweg-verlenging 8, Aucklandpark, Johannesburg.)